higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

18 Februarie 2025 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en ’n antwoordboek van 17 bladsye.

036Q1S2518

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Skryf al die antwoorde in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Toon alle berekeninge.
6. Gebruik die TABEL as riglyn vir die hoeveelheid tyd wat aan elke vraag bestee moet word.
7. Gebruik slegs 'n swart of blou pen; NIE 'n potlood nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Veelvuldigekeusevrae en kort teoretiese vrae	20	10 minute
2	Krediteuregrootboek en berekeninge	30	20 minute
3	Berekeninge	30	35 minute
AFDELING B			
4	Hulpjoernale	60	70 minute
5	Algemene grootboek	20	15 minute
6	Finansiële jaareinde en state	30	20 minute
7	Balansvergelyking	10	10 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Debietsaldo word met 'n … verhoog.

A kredietinskrywing
B debietinskrywing
C debiet- en kredietinskrywing
D Geen van bostaande nie

1.1.2 'n Kredietsaldo word met 'n … verlaag.

A kredietinskrywing
B debietinskrywing
C debiet- en kredietinskrywing
D Geen van bostaande nie

1.1.3 'n Rekening met 'n debietinskrywing van R200 en 'n kredietinskrywing van R50 het 'n ... van R150.

A kredietsaldo
B debietsaldo
C debiet- en kredietsaldo
D Geen van bostaande nie

1.1.4 Die akkuraatheid van inskrywings word deur 'n ... getoets.

A stel rekeninge in die algemene grootboek
B bankstaat
C proefbalans
D kontantontvangstejoernaal

1.1.5 Bankstate en verskaffersfakture is …

A eksterne brondokumente.
B uitgawes.
C interne brondokumente.
D Geen van bostaande nie

(5 × 1) (5)

1.2 Gebruik die inligting hier onder en toon die joernale aan waarin die volgende transaksies geskryf sal word. Skryf slegs die naam van die joernaal langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

	Transaksie	Joernaal
1.2.1	Jy het voorraad op krediet gekoop	
1.2.2	'n Kliënt het voorraad teruggebring wat op krediet gekoop is	
1.2.3	Jy het voorraad kontant verkoop	
1.2.4	Jy het voorraad teruggebring wat op krediet gekoop is	
1.2.5	Jy het voorraad op krediet verkoop	

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 As die totale bates van 'n onderneming die totale laste oorskry, word die onderneming as insolvent beskou.

1.3.2 Ondernemings moet altyd daarna streef om bedryfsuitgawes as 'n persentasie van omset so hoog moontlik te hou.

1.3.3 Die persentasie opbrengs op eienaarskapitaal toon die eienaar se beleggingsopbrengs aan.

1.3.4 Die hoofrede waarom bedryfswins afneem, is rente-inkomste.

1.3.5 Verkope minus debiteurekorting minus verkoopskoste is gelyk aan bruto wins.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.4 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 In die eindrekening word die …rekening na die kapitaalrekening afgesluit.

1.4.2 Slegte skuld wat verhaal is, word in die …-joernaal geboekstaaf.

1.4.3 Die handelsrekening word na die …-rekening afgesluit wanneer afsluitingsoordragte gedoen word.

1.4.4 Die doel van 'n handelsrekening is om … te bereken.

1.4.5 Rente verdien uit 'n belegging neem toe aan die …-kant van die algemene grootboekrekening.

(5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 2

2.1 Inflasie in Suid-Afrika het bo verwagting toegeneem, en party ondernemings is genoodsaak om by ander verskaffers op krediet te koop. Die volgende inligting is verkry uit die rekeningkundige verslae van Gqeberha Empire Dealers vir November 2023.

VEREIS:

(a) Open, pos en balanseer die krediteurskontrolerekening in die algemene joernaal van Gqeberha Empire Dealers vir November 2023 met 'n openingsaldo van R64 144.62. (10)

(b) Stel die krediteuregrootboek van Gqeberha Empire Dealers op. (10)

INLIGTING:

Lys saldo's in die krediteuregrootboek van Gqeberha Empire Dealers, November 2023

Krediteur	Fol.	Bedrag
Rhythm City Traders	C1	R13 715.44
Scandal Dealers	C2	R13 092.01
Gomora Edms (Bpk)	C3	R14 338.87
The Curse Contributors	C4	R22 998.30

Kopiereg voorbehou

Krediteurejoernaal van Gqeberha Empire Dealers – November 2023

Dok nr.	Datum	Besonder-hede	Fol.	Krediteurs-kontrole	Inset-BTW	Handels-voorraad	Diverse rekeninge	
							Bedrag	Besonderhede
V1	1	Rhythm City Traders	C1	37 405.74	4 879.00	32 526.73		
V2	5	Scandal Dealers	C2	34 288.60	4 472.43	29 816.17		
V3	9	Gomora Edms Bpk	C3	617.19	80.50		536.69	Verbruikbare kantooritems
V4	13	The Curse Contributors	C4	28 054.31	3 659.26	24 395.05		
V5	17	Poppy Dealers	C5	6 153.24	802.60		5 350.64	Toerusting
				106 519.08				

Krediteurskortingjoernaal van Gqeberha Empire Dealers

Dok nr.	Datum	Besonderhede	Fol.	Krediteurs kontrole	Inset-BTW	Handelsv oorraad	Diverse rekeninge	
							Bedrag	Besonderhede
Z1	6	Rhythm City Traders	C1	6 358.98	829.43	5 529.55		
Z2	10	Scandal Dealers	C2	6 171.95	805.04	5 366.91		
Z3	14	Gomora Edms Bpk	C3	80.23	10.46		69.77	Verbruikbare kantooritems
Z4	18	The Curse contributors	C4	3 366.52	439.11	2 927.41		
Z5	22	Poppy Dealers	C5	1 107.58	144.47		963.11	Toerusting
				17 085.26				

Kontantbetalingsjoernaal van Gqeberha Empire Dealers

Dok nr.	Datum	Besonder-hede	Bank	Krediteur skontrole	Inset-BTW	Handels-voorraad	Diverse rekeninge	
							Bedrag	Besonder-hede
N1	1	Kontant	7 830.27				7 830.27	Lone
N2	5	Stad Kaapstad Munisipaliteit	1 471.29		191.91		1 279.38	Eiendomsbelasting
N3	11	Rhythm City Traders	41 628.85	41 628.85				
N4	20	Zodblom	1 321.67		172.39		1 149.28	Telefoon
N5	26	Scandal Dealers	2 057.32	2 057.32				
N6	27	Polmex	28 334.85		3 695.85	24 639		
			82 644.25	**43 686.17**				

Kopiereg voorbehou

Algemene joernaal van Gqeberha Empire Dealers

Dok nr.	Datum	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet
Y1	11	Krediteurskontrole (Rhythm City Traders)	C1	3 133.35	
		Uitset-BTW			408.70
		Vereffeningsafslag ontvang			2 724.65
		(Vereffeningsafslag van 7%)			
Y2	26	Krediteurskontrole (Scandal Dealers)	C2	39 151.34	
		Debiteurskontrole (Scandal Dealers)	D4		39 151.34
		(Saldo oorgedra)			
Y3	31	Rente betaal		476.86	
		Krediteurskontrole (The Curse Contributors)			476.86
		(Rente op oortrokke rekening van 12% p.j.)			

2.2 Blawa Traders verkoop gedrukte T-hemde vir R54.50 (BTW ingesluit). Die onderneming koop ongedrukte T-hemde vir R20.90 (BTW uitgesluit).

Bereken die BTW betaalbaar of ontvangbaar en toon al jou berekeninge. (3)

2.3 Die onderneming koop gordels by 'n plaaslike verskaffer en verkoop dit teen R1 056 (BTW ingesluit).

Wat is die kosprys vir die gordels as die prysverhoging 30% is? (3)

2.4 Onderskei tussen *BTW betaalbaar* en *BTW ontvangbaar.* (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Tempts Clothing koop klere by BTW-geregistreerde verskaffers, en gebruik 'n prysverhoging op kosprys van 45%. Die eienaar, mnr Tempt, vra jou om 'n paar van sy probleme op te los.

VEREIS:
Gebruik die inligting hier onder uit die boeke van Tempts Clothing om die vrae te beantwoord. Toon al jou berekeninge.

INLIGTING:

Tempts Clothing
30 November 2023
Kasregisterrol 03

Gholf-T-hemde	R2 500
Gordels	R1 800
Gholfpette	R900
Kortbroeke	R3 800
TOTAAL	
15% BTW	
EFO-betaling	

Strokie 58585
BTW-nr. 89895234848

Dankie vir u ondersteuning!

3.1.1 Bereken die totale verkoopbedrag met BTW ingesluit. (2)

3.1.2 Bereken die BTW-bedrag. (2)

3.1.3 Bereken die totale verkope met BTW ingesluit. (2)

3.1.4 Bereken die kosprys van hierdie transaksie. (2)

3.1.5 Bereken die wins gemaak. (2)

3.2 Mnr Tempt het R110 000 vir 12 maande by Mix Bank belê. Die rentekoers op die vaste deposito word teen 15% p.j. bereken.

3.2.1 Bereken die totale rentekoers teen die einde van die finansiële jaar verdien. (3)

3.2.2 Bereken die totale bedrag ná rente verdien. (3)

3.3 As mnr Tempt R30 000 by Mix Bank leen teen 12% p.j., hoeveel sal die rente wees? (3)

3.4 Op 14 November 2023 is goedere ter waarde van R40 000 in 'n brand beskadig. Die versekeringsmaatskappy stem in om 60% van die eis uit te betaal.

Hoeveel moet die onderneming vir die eis betaal? (4)

3.5 Mnr Tempt besluit om goedere ter waarde van R42 000 op krediet by Lisa Traders te koop en moet rente van 6% p.j. vir ses maande betaal.

Hoeveel sal hy in totaal betaal nadat die rente bygevoeg is? (3)

Kopiereg voorbehou

3.6 Mnr Tempt is die debiteur wat Lisa Traders R70 000 skuld, maar word insolvent verklaar. Sy insolvente boedel betaal 60c in die rand.

Hoeveel is sy slegte skuld aan Lisa Traders? (3)

3.7 Op watter soort rekening word afslag toegelaat? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het 'n 12-maand-internskap vir alle NS(B) Vlak 3-studente bekendgestel. Die doel van hierdie inisiatief is om die vaardigheidsgaping te oorbrug en die studente in staat te stel om ervaring op hul studiegebied op te doen. Jy word by Blended Dealers as 'n intern geplaas om te help met die finansiële boeke vir die jaar geëindig November 2023.

INLIGTING:

Blended Dealers is 'n geregistreerde BTW-ondernemer en dryf handel met ander BTW-ondernemings wat vir hulle geldige belastingfakture kan verskaf. BTW word bereken teen 15%, waar van toepassing. Die onderneming gebruik 'n deurlopende voorraadstelsel en 'n prysverhoging van 40% op die kosprys.

VEREIS:

Gebruik die inligting hier onder om die transaksies in die volgende hulpjoernale te boekstaaf:

Rond alle bedrae tot TWEE desimale af.

Moenie die joernale balanseer nie.

4.1 Kontantontvangstejoernaal (15)

4.2 Kontantbetalingsjoernaal (16)

4.3 Debiteurejoernaal (8)

4.4 Debiteurskortingjoernaal (3)

4.5 Krediteurejoernaal (9)

4.6 Krediteurskortingjoernaal (3)

4.7 Algemene joernaal (6)

[60]

Kopiereg voorbehou

Transaksies vir November 2023:

DATUM	BESONDERHEDE
1.	Ontvang faktuur INV 0125 vir R15 385 van AJAX Bpk vir handelsvoorraad op krediet gekoop.
4.	Reik debiteursnota DN01 aan AJAX Bpk uit vir handelsvoorraad teruggegee, R3 239.90.
5.	Trek tjek CC860 vir die kleinkas, R11 765.65.
7.	M. Solomons, die eienaar, deponeer R10 850 in die onderneming se tjekrekening as bykomende kapitaalbedrae. Kwitansie 01 uitgereik.
9.	Koop handelsware vir R7 548.60 en verpakkingsmateriaal vir R615.40 van Pickmore Distributors. Tjek CC861 uitgereik.
	Koop skryfbehoeftes vir R4 250 kontant by Best Read Stationers. Tjek CC862 uitgereik.
10.	Verkoop goedere op krediet aan T. Tandai vir R9 900. Faktuur DSI20 uitgereik.
12.	Kontantverkope volgens kasregisterrol CRR01 vir R8 600.
13.	T. Tandai bring goedere terug, want dit was die verkeerde bestelling. Reik kredietnota CN 0245 vir R4 400 uit.
14.	J. Jantjies, 'n debiteur, doen 'n EFO-transaksie vir R9 014.70 om sy rekening van R9 390.30 te betaal. Kwitansie 02 uitgereik.
15.	Doen 'n EFO-transaksie aan Bhejula Motors vir 'n voertuig gekoop teen R160 000 (BTW uitgesluit).
17.	Koop handelsvoorraad by Khoki Traders op krediet vir R55 800 en ontvang faktuur INV 0126.
19.	Kredietverkope aan Tummers vir R17 200 (BTW uitgesluit). Faktuur DSI21 uitgereik.
20.	Ontvang kommissie van Flower Co van R14 087. Kwitansie 03.
26.	Ontvang R3 700 van Bhejula Motors, 'n krediteur, as terugbetaling vir 'n oorbetaling wat in Oktober 2023 aan hulle gedoen is. Kwitansie 04 uitgereik.
27.	Ontvang R8 050 van T. Huma, 'n debiteur, wie se rekening voorheen afgeskryf is. Kwitansie 05 uitgereik.

Kopiereg voorbehou

28. Rekening van Northern Hotels as onverhaalbaar afgeskryf, R5 112.24, JV 01. **(Laat BTW buite rekening)**

Betaal R4 009.95 aan Coastal Cheers vir volle betaling van ons rekening van R4 221. Tjek CC863 uitgereik.

Hlumisa Suppliers verskaf toerusting ter waarde van R77 400 aan die onderneming. Faktuur INV 0127 uitgereik.

31. Die bankstaat ontvang van Bid Bank toon dat die volgende steeds in die kontantjoernale geboekstaaf moet word:

- Diensfooie, R650
- Kredietkaartheffing, R450
- Kontanthanteringsfooie, R890
- Rente op ongunstige banksaldo, R1 460.

VRAAG 5

Die inligting hier onder is geneem uit die boeke van Bomber Traders vir die maand van November 2023, die einde van die finansiële jaar.

Die openingsaldo's op 1 November 2023 was soos volg:

Grond en geboue	800 000	00
Voertuie	620 000	00
Handelsvoorraad	120 000	00
Verkoopskoste	46 890	00
Herstelwerk	19 000	00

Bykomende inligting

Grond en geboue:

- Betaal op 11 November 2023 R68 800 aan Ademy Constructions vir herstelwerk van die dak, R13 800, en aanbou van stoorkamer, R55 000.

Voertuie:

- Koop op 13 November 2023 'n nuwe afleweringsvoertuig op krediet by Sharp Motors, R180 000.

Handelsvoorraad:

- Koop op 15 November 2023 handelsvoorraad kontant by BMF Suppliers, R27 895.
- Verkoop op 17 November 2023 goedere ter waarde van R33 560 (prysverhoging 25% op koste) op krediet.
- Koop op 19 November 2023 handelsware ter waarde van R29 345 op krediet by Super D Stores.
- Op 21 November 2023 bring 'n klant goedere terug met 'n kosprys van R3 020.
- Neem op 24 November 2023 beskadigde goedere terug na Super D Stores, R3 555.
- Verkoop op 26 November 2023 goedere kontant, R23 990 (verkoopskoste R16 545).
- Koop op 29 November 2023 skryfbehoeftes kontant, R1 975 is foutiewelik na die handelsvoorraadrekening gedebiteer.

Kopiereg voorbehou

VEREIS:

Gebruik die gegewe inligting om die grootboekrekeninge voor te berei. Moenie die rekeninge balanseer nie.

5.1 Grond en geboue (2)

5.2 Voertuie (2)

5.3 Handelsvoorraad (8)

5.4 Verkoopskoste (sluit af) (6)

5.5 Herstelwerk (2)

[20]

VRAAG 6

Die volgende vooraanpassingsproefbalans is verkry uit die boeke van Deal or No Deal Traders vir die jaar geëindig November 2023.

Vooraanpassing van Deal or No Deal Traders November 2023

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING		**R**		**R**	
Kapitaal	B1			280 000	00
Trekkings	B2	67 000	00		
Grond en geboue	B3	183 920	00		
Toerusting	B4	88 000	00		
Handelsvoorraad	B5	56 000	00		
Bank	B6			10 000	00
Los kontant	B7	500	00		
Debiteurskontrole	B8	64 000	00		
Krediteurskontrole	B9			120 000	00
Lening: Aneta Bank (10%)	B10			68 000	00

Kopiereg voorbehou

NOMINALE REKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			218 000	00
Verkoopskoste	N2	120 400	00		
Water en elektrisiteit	N4	36 500	00		
Salarisse	N5	58 430	00		
Verpakkingsmateriaal	N6	7 800	00		
Rente ontvang	N8			8 200	00
Reklame	N10	14 200	00		
Bankfooie	N11	1 250	00		
Versekering	N12	44 000	00		
Rente-inkomste	N14			37 800	00
		742 000	**00**	**742 000**	**00**

VEREIS:

Gebruik die inligting van Deal or No Deal Traders om die volgende te doen:

6.1 Inkomstestaat (15)

6.2 Aantekening oor die balansstaat (5)

6.3 Balansstaat (10)
[30]

VRAAG 7

Die volgende inligting is verkry uit die boeke van Sport Stationers vir November 2023.

INLIGTING:

Die onderneming gebruik 'n prysverhoging van 30% op die kosprys.
Die eienaar het R100 000 as kapitaal tot die bankrekening bygedra.

Nr.	Bron-dokument	ALGEMENE GROOTBOEK		Bates	Eienaars-kapitaal	Laste
		DEBITEURSKONTROLE				
		Debiet	Krediet			
Bv.	Kwitansie 001	Bank	Kapitaal	+ 100 000	+ 100 000	0

Kopiereg voorbehou

VEREIS:

Gebruik die transaksies hier onder om die invloed op die balansvergelyking in die ANTWOORDBOEK aan te dui. Toon die verhoging met +, die verlaging met – en geen invloed met 0 aan. Toon die oorsprong van die transkasies aan die hand van die korrekte brondokument en nommer aan.

Laat BTW buite rekening.

Transaksies November 2023:

7.1	Kredietverkope van goedere vir R11 040. Prysverhoging op kosprys 30%. Faktuur BV1.	(6)
7.2	N. Ndzuzo, wat R8 000 skuld, is insolvent verklaar. Haar insolvente boedel betaal 40% in die rand en hierdie bedrag is behoorlik geboekstaaf.	
	Skryf die saldo as onverhaalbaar af. Joernaalbewys BV2 is uitgereik.	(4)
		[10]

TOTAAL AFDELING B	**120**
GROOTTOTAAL	**200**

Kopiereg voorbehou